SiVEST
Gestig in 1952

**BASIESE EVALUERING (BE) EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM (EMPr) VIR DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN 'N 500M$^3$ GROOTMAAT BRANDOLIE-OPGAARTENK BY DIE GROOTVLEI KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**

**DEA EIA Verwysingsnommer: 12/12/20/2358**

**NEAS Verwysingsnommer: DEA/EIA/0000418/2011**

Ooreenkomstig die advertensies vir die uitnodiging na die Openbare Opedag en Openbare Vergadering en die kennisgewing van die beskikbaarheid van die Konsep Basiese Evalueringsverslag (Konsep BEV) geplaas in die Balfour Herald (Vrydag, 30 September 2011), die Nigel & Heidelberg Rekord (Dinsdag, 11 Oktober 2011) en die Daily Sun (Dinsdag, 18 Oktober 2011), wat geplaas is kragtens Artikel 44 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (soos gewysig), saamgelees met Artikel 24(5) van die Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings onder Staatskennisgewing R543 en R544 wat op 18 Junie 2010 afgekondig is, was die publiek in kennis gestel dat die Konsep Basiese Evalueringsverslag (Konsep BEV) beskikbaar gemaak sal word vir oorsig en kommentaar vir 'n tydperk van 40 dae vanaf Donderdag 13 Oktober 2011 tot Maandag 21 November 2011.

## BELANGRIKE KENNISGEWING: OPENBARE OORSIGTYDPERK VAN DIE KONSEP BASIESE EVALUERINGSVERSLAG

Die doel van hierdie kennisgewing is om u te verwittig dat die Konsep BEV nie beskikbaar sal wees vir openbare oorsig, soos geadverteer nie. Die publiek sal aan die hand van 'n publieke kennisgewing (advertensie) in kennis gestel word van die Konsep BEV se gewysigde oorsig- en kommentaartydperk.

## BELANGRIKE KENNISGEWING: UITSTEL VAN OPENBARE OPEDAG EN OPENBARE VERGADERING

Die publiek is ook in die bogenoemde koerante in kennis gestel van en uitgenooi na die volgende Openbare Opedag en Openbare Vergadering:

| DATUM | OPENBARE OPEDAG | OPENBARE VERGADERING | PLEK |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, 1 November 2011 | 16h00 – 17h00 | 17h00 – 18h30 | Ou Eskomsaal, 2$^e$ Straat, Eskom Grootvlei |

Neem asseblief kennis dat die bogenoemde Openbare Opedag en Openbare Vergadering tot verdere kennisgewing uitgestel word. Die publiek sal ook per publieke kennisgewing (advertensie) van die nuwe datum vir die Openbare Opedag en Openbare Vergadering verwittig word.

Indien u enige navrae het, rig dit asseblief direk aan die volgende Openbare Deelnamekonsultante:

**Nicolene Venter** of **Mabel Qinisile**

SiVEST Environmental
Posbus 2921 Tel: 011 798 0600
RIVONIA Faks: 011 803 7272
2126 E-pos: nicolenev@sivest.co.za of mabelq@sivest.co.za
Webwerf: www.sivest.co.za